

13 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 9:1-26

Fokusgedeelte: Matteus 9:12

Die wat siek is, het die dokter nodig

Ons mense wil maar net nie hoor dat ons verkeerd is nie. Dit is al swaar genoeg om ons foute teenoor onself te erken, laat staan maar dat ons dit teenoor mekaar sal erken. Daar is gewoonlik 'n goeie rede waarom ons iets verkeerd gedoen het en as ons ons misstap moet verduidelik, ontbreek dit ons glad nie aan verskonings nie.

Matteus was 'n tollenaar. Die tollenaars was daarvoor bekend dat hulle bedrog gepleeg het. Tollenaars en sondaars is in een asem genoem, want hulle het tot 'n klas behoort wat hulle nie werklik gesteur het aan die Wet van God nie. In die oë van die Joodse leiers was hulle die skuim van die aarde.

Matteus het Jesus dadelik gevolg toe Hy hom geroep het. Later het Matteus 'n feesmaal ter ere van Jesus in sy huis gehou. Jesus het nie saam met die tollenaars en sondaars geëet en gedrink omdat Hy dit wat hulle gedoen het, goedgepraat en Hom daarmee vereenselwig het nie. Hy was daar by hulle aan huis, omdat hulle Hom so nodig gehad het. Dit was ook die rede waarom Hy na hierdie aarde gekom het: omdat ons Hom so nodig gehad het.

Van nature is ons sondaars wat doen wat verkeerd is. Elke dag oortree ons die wet van God. Vergewis jou steeds deeglik van jou sonde en ongeregtigheid en besef hoe nodig jy Jesus Christus het. Wees dan dankbaar dat Hy gekom het, omdat ons Hom so nodig het.

Sing: Psalm 147:1,2 Ds ASA de Bruyn (Barkly-Oos/Maclear-Elliot)